# Fees van Sukkot 2013



Gagh Sameag



# Aktiviteit Boekie

**7 – 12 Jariges**



# BYBEL VERSIES

**Probeer om elke dag van die fees 'n Bybel versie te leer!**

## Dag EEN:

**Ag dit louter vreugde, my broers, wanneer julle in allerlei versoekinge val, omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk.**
*Jakob 1:2-3*

## Dag TWEE:

**Vertrou op Yahweh met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie. Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelykmaak.**
*Spreuke 3:5-6*

## Dag DRIE:

**Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. Teen sulke dinge is die Torah nie.**
*Galasiërs 5:22-23*

## Dag VIER:

**Want die loon van die sonde is die dood, maar die gunsbewys van Elohiem is die ewige lewe in die Messias Yahshua, ons Meester.**
*Romeine 6:23*

## Dag VYF:

**'n Sagte antwoord keer die gramskap af, maar 'n krenkende woord laat die woede opkom.**
*Spreuke 15:1*

## Dag SES:

**En hou die gebooie van Yahweh jou Elohiem om in sy weë te wandel en Hom te vrees.**
*Deuteronomium 8:6*

## Dag SEWE:

**Want uit guns is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van Elohiem;**
*Efesiërs 2:8*

## Dag AGT:

**En wat julle ook al doen in woord of in daad, doen alles in die Naam van die Meester Yahshua en dank Elohiem die Vader deur Hom.**
*Kolossense 3:17*

# Tel jou seëninge. . .

*Gaan sy poorte in met lof, sy voorhowe met lofgesang; loof Hom, prys sy Naam. Psalms 100:4*

**Skryf elke dag van die fees 'n seëning, waarvoor jy dankbaar is, neer.**

Dag Een

Dag Twee

Dag Drie

Dag Vier

Dag Vyf

Dag Ses

Dag Sewe

Dag Agt

***Wat is jou persoonlike doel vir die fees hierdie jaar?***

# YAHWEH het met Moses gepraat en gesê:

# Spreek met die kinders van Israel en sê:



Op die vyftiende dag van hierdie sewende maand is dit sewe dae lank die Huttefees vir Yahweh.

Op die eerste dag moet daar ’n afgesonderde byeenkoms wees; geen beroepswerk mag julle doen nie. Sewe dae lank moet julle aan Yahweh ’n vuuroffer bring. Op die agtste dag moet daar vir julle ’n afgesonderde byeenkoms wees, en julle moet aan Yahweh ’n vuuroffer bring. Dit is ’n feestyd; julle mag geen beroepswerk doen nie.

Dit is die feestye van Yahweh wat julle moet uitroep as afgesonderde byeenkomste om aan Yahweh ’n vuuroffer te bring: ’n brandoffer en voedseloffer, ’n slagoffer en drankoffers soos vir elke dag voorgeskryf; behalwe die Shabbatte van Yahweh en behalwe julle gawes en behalwe al julle geloftes en behalwe al julle vrywillige offers wat julle aan Yahweh gee.

Maar op die vyftiende dag van die sewende maand, as julle die opbrings van die land insamel, moet julle die fees van Yahweh sewe dae lank vier; op die eerste dag is dit rusdag, en op die agtste dag is dit rusdag

En op die eerste dag moet julle vir julle vrugte neem van sierlike bome, met palmtakke en takke van digte bome en rivierwilgers, en sewe dae lank voor die aangesig van Yahweh julle Elohiem vrolik wees. En julle moet dit as fees van Yahweh sewe dae in die jaar vier. Dit is ’n ewige insetting vir julle geslagte. In die sewende maand moet julle dit vier.

Sewe dae lank moet julle in hutte woon; almal wat in Israel gebore is, moet in hutte woon, sodat julle geslagte kan weet dat Ek die kinders van Israel in hutte laat woon het toe Ek hulle uit Egipte uitgelei het. Ek is Yahweh julle Elohiem. So het Moses dan die feestye van Yahweh aan die kinders van Israel bekend gemaak.

***Levitikus 23:33-43***


סוכות






*VOORBEELD*

# Bou jou eie Sukkah

**Instruksies om die Sukkah te bou:**

Sny jou sukkah uit. Vou dit in die vorm van 'n boks volgens die vou areas. Plak die agterste panele aanmekaar om die sukkah toe te maak. Hê pret deur jou sukkah met die vrugte en palm takke op die volgende bladsy te versier.

# Vrugte en Palmblare vir die Sukkah



# Prettige feite oor oes vrugte

**Daar is sewe oes vrugte wat inheems in die land van Israel is. Dit is koring, gars, granate, vye, olywe, dadels en druiwe. Koring en gars word in die lente geoes, die ander vyf vrugte is reg om in die herfs, net voor die tyd van Sukkot, geoes te word. Al die vrugte kom van plantegroei wat op hul eie kan groei sonder enige ingryping van die mens. Die vrugte is ook baie voedsaam en het baie gesondheidsvoordele en gebruike.**

**Granate** – *"Rimon"*
Granate kan baie lank leef. Sommiges is bekend dat hulle al oor die 200 jaar oud is. Die kroon aan die bokant van die vrug word 'n kelk genoem. Granate was aan die some van die Israelitiese hoë priesters se priesterlike klere geborduur. Granaat sap het 'n diep rooi kleur en kan gebruik word om materiaal te kleur en ink te maak.

**Vye**- *"te'enah"*
Die vyeboom word oor die vyftig keer in die Skrif genoem. Vye kom van 'n boom wat tot 6 meter hoog kan groei en het baie groot blare. Mens kan nooit die boom se blomme sien nie. Dit het klein blommetjies wat binne in die vrug groei. Baie klein perdebye kruip in die vrug in om die blomme te bestuif.

**Olywe**– *"Zayit"*
Die olyfboom kan baie oud word. Daar word geglo dat sommige van die olyfbome in die Tuin van Getsemane amper twee duisend jaar oud is. Olywe word geëet en versamel om gepars te word om olyfolie te maak. *Shemen* is die Hebreeuse woord vir olie. Olyfolie het baie gebruike soos byvoorbeeld salwings olie, olie vir lampe, kookolie, medisinale gebruike en om die vel te bevogtig.

**Dadels** – *"Tamar"*
Dadels is die vrugte wat van die dadelpalm boom af kom. Die boom is baie bruikbaar en elke deel kan vir iets gebruik word. Die dadels kan geëet word en daar kan ook 'n heuning van gemaak word. Die sap van die boom word gegis om wyn van te maak. Die stomp van die palmboom word as konstruksie hout gebruik, en die palmblare word geweef om mandjies, matte, besems, beddens en toue van te maak, en kan ook vir meubels gebruik word. Die palmblare word tradisioneel gebruik om die dak van die Sukkah te maak.

**Druiwe** – *"Anaveem"*
Druiwe is omtrent 80% water. Een druiwe tros het ongeveer 75 druiwekorrels aan. Die wingerdstok kan tot 15 meter lank word en omtrent 40 trosse druiwe dra. Die druiwe kan geëet word en ook gedruk en gepars word om wyn te maak. Wyn simboliseer 'n tyd van oorvloed.

Daarna het hulle tot by die dal Eshkol gekom en
daar 'n rank met een tros druiwe afgesny, en
twee het dit aan 'n draagstok gedra; ook van
die granate en van die vye.
Numeri 13:23



# Oes Vrugte

Tydens die tyd van Sukkot is daar vyf vrugte wat ons moet herken wanneer ons die fees vier. Kan jy die **Granate**, die **Olywe**, die **Dadels**, die **Vye** en die **Druiwe** uitken?







**Bonus:** *Kleur die vrugte in volgens hulle soort.*





# Oes Vrugte Blokkiesraaisel

Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.

Johannes 15:5




**Dwars**

**3.** Hoeveel vrugte tipes is inheems in die land Israel?

4. Die Hebreeuse woord vir granaat.

**8.** Baie klein ____ kruip binne in die vrugte in om die blomme van die vyeboom te bestuif.

**10.** Die Hebreeuse woord vir druiwe.

**Af**

**1.** Dit word ingesamel en gepars om olie te maak.

**2.** Die Hebreeuse woord vir olyf.

**3.** Die ____ van die palmboom word as konstruksie hout gebruik.

**5.** Die kroon aan die bokant van die vrug word 'n kelk genoem.

**6.** Die Hebreeuse woord vir vy.

**7.** Wat is simbolies van 'n tyd van oorvloed?

**9.** Die Hebreeuse woord vir dadel.

**11.** Daarna het hulle tot by die dal ________ gekom en daar 'n rank met een tros druiwe afgesny.

# Versamel die oes vrugte

Versamel al die oes vrugte deur die beste pad te vind, en soek dan die pad uit tot by die mandjie.



**En aan hulle vaders met 'n eed beloof het om aan hulle te gee, 'n land wat oorloop van melk en heuning**

Jeremia 32:22

# Soek die woorde



## Soek die weggesteekte woorde in die rooster hieronder

| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| S | H | B | T | X | S | H | M | Q | M | G | G | O | P | H |
| V | L | E | E | L | C | O | R | E | R | N | R | L | K | A |
| E | N | E | E | D | S | H | L | N | X | I | A | Y | V | K |
| T | M | D | K | A | O | A | X | L | L | L | N | W | T | K |
| O | A | Y | I | A | S | E | E | F | S | E | A | E | E | U |
| D | F | E | E | U | N | Q | I | S | A | M | T | I | Y | S |
| N | K | S | R | W | J | R | J | E | I | A | E | M | Y | V |
| L | E | E | F | P | I | K | E | V | N | S | V | F | K | M |
| F | J | H | U | P | G | U | C | B | R | N | R | K | S | Q |
| P | A | L | M | B | L | A | R | E | A | I | S | A | N | U |
| S | U | K | K | O | T | D | B | D | C | T | O | P | E | Q |
| V | F | M | T | L | E | E | M | A | K | M | S | Z | R | L |

**Bedoeien tent**
**Kameel**
**Dadels**
**Fees**
**Tabernakels**

**Vye**
**Druiwe**
**Insameling**
**Israel**

**Jerusalem**
**Mosaiek**
**Olywe**
**Palmblare**

**Granate**
**Sukkah**
**Sukkot**



**Het jy geweet?**
**Die fees van Sukkot het ook drie ander name in die bybel. Die fees van Tabernakels, die Huttefees en die fees van die insameling.**

# Mosaïek Teël Prent

**Maak jou eie mosaïek kleurpatroon of prent deur die blokkies in te kleur!**





VOORBEELD

**'n Mosaïek is 'n prent wat met klein stukkies teël, glas, klippies of ander materiaal gemaak is. Baie ou mosaïek vloere is al in Israel ontdek.**

# SOEK DIE WOORD

**Soek die woorde wat onder gelys is en in die rooster weggesteek is.**

| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| V | R | E | U | G | D | E | V | O | L | W | K | K | S | N |
| E | T | G | U | R | V | E | H | M | F | I | P | D | Y | X |
| H | F | Y | L | C | R | S | E | W | E | L | S | L | R | Z |
| A | D | U | D | S | L | I | Q | Z | R | D | Z | E | P | U |
| L | A | H | A | E | H | K | S | R | Ë | E | R | B | E | H |
| T | E | M | G | O | L | W | O | W | I | R | N | Y | B | E |
| J | E | V | L | A | O | I | A | Z | H | N | V | B | T | G |
| L | W | E | I | N | E | K | K | Y | K | I | Y | T | I | B |
| S | I | S | I | T | G | M | H | X | D | S | U | U | P | O |
| R | L | N | M | M | I | N | A | N | L | H | J | Q | Q | V |
| E | G | M | H | L | A | K | I | S | E | W | E | N | D | E |
| D | E | O | Q | A | A | A | U | R | T | A | K | K | E | T |
| N | R | S | Q | P | G | P | N | S | E | R | E | F | F | O |
| I | S | E | F | M | F | I | Q | D | O | I | C | W | T | E |
| K | T | S | U | T | F | V | A | P | I | S | V | T | M | N |

**BYBEL**
**HUTTE**
**TAKKE**
**VIERING**
**HAG**
**KINDERS**
**DAE**
**WONING**
**ELOHIEM**
**VRUGTE**
**VERSAMEL**

# Gagh Sameag!

**Wat beteken dit? Dit beteken "vreugdevolle fees" in Hebreeus!**

**HEBREËRS**
**OFFER**
**SEWE**

**VREUGDEVOL**
**PALMS**
**SEWENDE**

**LEVITIKUS**
**PRYS**
**TYDELIK**

**MAAND**
**JUIG**
**WILDERNIS**

**MOSES**
**SAMEAG**
**WILGERS**

# Gaan op na Jerusalem



Help die mense om die beste pad na Jerusalem te kry





*Drie maal in die jaar moet al jou manne voor die aangesig van Yahweh jou Elohiem verskyn op die plek wat Hy sal uitkies(Jerusalem); op die Fees van die Ongesuurde Brode en op die fees van die Weke en op die Huttefees; en hulle mag nie met leë hande voor die aangesig van Yahweh verskyn nie.*

*Deuteronomium 16:16*

# Soek die verskille:

**Daar is twintig verskille tussen die prent aan die linkerkant en die een aan die regterkant. Kan jy hulle almal kry?**







**Die bou van Yahweh se Tabernakel in die wildernis**

# Ontsyfer die woorde

Begin deur die geskommelde leidraad woorde te ontsyfer. Skryf dan die letters in die genommerde blokkies oor in die onderste blokkies met dieselfde nommers. Dit sal die laaste frase oplos.

TRNAAGA
20 7 15

SEEF

KOTSUK
1 13

SEKNARLBETA
18 6

LDSEAD
4

DUWRIE
8

LEYOW
14 10

YVE
5

LERSAMJEU
3

SLKUIEIVT
9 2 19 16

GEVEOVULDR
12 11 17



1 2 3 4    5 6 7    8 9 10    11 12 13 14 15    16 17 18 19 7 20

***Weet jy wat die antwoord vir die laaste frase is? Jy kan dit in die bybel in Matteus 5:35 kry.***

# Gee die name van die Bybel Boeke




**Dwars**

**1.** Dan sal julle daarvandaan Yahweh jou Elohiem soek en vind as jy Hom met jou hele hart en jou hele siel soek. (4:29).
**4.** By mense is dit onmoontlik, maar by Elohiem is alle dinge moontlik. (19:26).
**5.** Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van Yahweh. (4:4).
**6.** Maar ek, ek weet: My Verlosser leef; en Hy sal as laaste oor die stof opstaan. (19:25).
**8.** Want uit guns is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van Elohiem; (2:8).
**10.** Daar bly dus 'n onderhouding van die Shabbat oor vir die volk van Elohiem (4:9).
**11.** Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal beslis nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê. (8:12).

**Af**

**2.** Die hele Skrif is deur Elohiem ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van Elohiem volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus (3:16-17).
**3.** Ek is tot alles in staat deur die Messias wat my krag gee. (4:13).
**6.** Ek is Yahweh, dit is my Naam; en my eer sal Ek aan geen ander gee, of ook my lof aan die gesnede beelde nie. (42:8).
**7.** Elke woord van Elohiem is gelouter; Hy is 'n skild vir die wat by Hom skuil. (30:5).
**9.** Die vrees van Yahweh is rein: dit bestaan tot in ewigheid; die verordeninge van Yahweh is waarheid – tesame is hulle regverdig (19:9).

# Die laaste Groot Dag



*En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Yahshua gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Johannes 7:37*